‘BEKOSTIGBARE KOS bly uitdaging’

Verwerkingsmaatskappye speel ’n belangrike rol in die proses om voedsel aan verbruikers te verskaf. Dié maatskappye steun ook swaar op die primêre landbou. Daarom is dit belangrik om te verneem hoe die sekondêre sektor die primêre sektor tans sien.

Só sê mnr. Nick Wentzel, uitvoerende hoof van Astral Foods. Dié maatskappy het deur middel van Meadow Feeds belange in die veevoermark. Hy het ook uitgebreide belange in die braaikuikenbedryf, met onder meer Early Bird Farms en County Fair Foods.

Wentzel sê hoë landbou-kommoditeitspryse gaan nog ’n tyd lank met ons wees en die landboubedryf gaan goed vaar aangesien internasionale pryse hoog gaan bly. Die werklikheid is egter dat hoë kommoditeitspryse tot hoër inflasie lei. Die uitdagings in die toekoms gaan wees om genoeg produkte teen bekostigbare pryse te produseer om die land te voed.

Die ekonomie het ongekende groei beleef, maar onlangse maatskappy-resultate toon die goeie tye is moontlik besig om tot ’n einde te kom.

Sentraal in die sukses van die landbou in Suid-Afrika is grondhervorming. Terwyl daar ’n gebrek aan suksesverhale is, sê Wentzel produktiewe landbougrond wat in onbruik verval, lei tot laer produksie. “Kleiner oeste beteken dat pryse styg, wat weer hoër inflasie tot gevolg het. Gebrekkige grondhervorming sal tot gevolg hê dat meer produkte ingevoer word. Ingevoerde produkte se pryse is gewoonlik hoër as plaaslike produkte, hoofsaaklik weens skeepsvrag, versekering, hanteringskoste, opbergingskoste en vervoerkoste.

➡ 6

Mnr. Nick Wentzel

BEKOSTIGBARE KOS

5

"As besigheid moet ons egter die goedkoopste proteïen in die vorm van hoender op die rak van die handel plaas en daarom word ons soms verplig om produkte in te voer as plaaslike kommoditeite te duur word. Ons verkies egter om te alle tye plaaslik te koop.

"Grondhervorming is 'n netelige saak en moet met omsigtigheid bejeën word. Te dikwels word dit onnodig as 'n speelbal vir politieke gewin gebruik."

Hoewel kommoditeitspryse tans vir boere goed vertoon, moet die vraag gevra word hoe dit die verbruiker se sak raak. Tans dra voedselinflasie daartoe by dat die algehele inflasieprentjie buite die Reserwebank se doelwit van tussen 3 % en 6 % val. Verskeie stemme het reeds opgegaan oor die bekostigbaarheid van voedsel. Kan mense een of ander tyd staatsingryping verwag?

Wentzel sê kommoditeitspryse gaan deur siklusse. 'n Soortgelyke situasie het hom afgespeel in 2001/'02 toe die prys van mielies dramaties gestyg het en inflasie sterk toegeneem het.

"Die Regering het toe ook druk ervaar en 'n komitee is aangestel om voedselpryse te ondersoek. Daar is egter nie ingemeng nie – wat die regte besluit was. In die daaropvolgende jaar het Suid-Afrika een van sy grootste mielie-oeste geproduseer. Hoë pryse koop hektare en daar word verwag dat volgende jaar se mielie-oes 11 miljoen ton sal wees en dat pryse sal daal. Gevolglik sal inflasie ook afneem. Die Regering se inmenging sal ongelukkig wees."

In 'n poging om die landbou te laat gedy, word daar reeds vir ten minste die afgelope twee jaar al planne gemaak vir die vestiging van 'n biobrandstofbedryf. Is die vestiging van so 'n bedryf in Suid-Afrika haalbaar? Hy sê in die huidige formaat is biobrandstof nie 'n ekonomiese bedryf nie. "Voedselsekerheid moet altyd eerste kom, veral in ontwikkelende lande."

Ofskoon biobrandstof die enigste uitweg vir groter markruimte vir graanboere is, sal hulle altyd die gewas plant wat vir hulle die beste opbrengs lewer. Die vestiging van 'n nuwe bedryf gaan groot beleggings verg. Dit beteken groter politieke gerusstelling is nodig. "Vir enige belegger is sekerheid van primêre belang," sê hy. Die onlangse uitlatings en beskuldigings van die Minister van Landbou en die Adjunkminister van Landbou is onverantwoordelik en onvanpas, sê Wentzel.

In 'n poging om die situasie reg te bestuur, sal die georganiseerde landbou altyd 'n moeilike taak hê. "Lede van die georganiseerde landbou verteenwoordig altyd uiteenlopende belange en standpunte. Ek glo nie daar is 'n leierskapkrisis nie, maar ek is nie naby genoeg aan die situasie nie. As ons wil hê dat landbou moet gedy, moet die regering die korrekte klimaat daarvoor skep. Saam met besigheid moet 'n goeie strategie vir die landbou opgestel word." L